Ouerbrief 3/2021

Beste Ouers

Die tempo van die eerste kwartaal was verstommend en ná die kort asemskep-vakansie moet ons volgende kwartaal weer op volspoed aandurf. Ek stuur die ouerbrief elektronies uit, want rapporte word eers Vrydag 7 Mei aan leerders oorhandig.

Hoërskool Diamantveld het aansoek gedoen en toestemming verkry dat die seniorgrade (grade 10 tot 12) ten volle kan terugkeer skool toe.
Tye is dus 07:15 – 14:30, Maandae tot Vrydae, vir alle graad 10 tot 12 leerders vanaf 3 Mei.
Grade 8 en 9 se getalle is te groot en hulle bly op die huidige groep 1 en 2 stelsel.

Kom ons doen ’n bietjie nabetragting.

SBL-VERKIESING
Baie dankie aan elkeen wat aan die heeldag verkiesing deelgeneem het. Ongelukkig was daar nie ’n kworum nie en ná die tweede ronde stemming, is die volgende ouers tot die Beheerliggaam verkies:

VOORSITTER: Mnr D Potgieter
ONDER-VOORSITTER: Mnr GD Botha
SEKRETARESSE: Me L de Wet
Me A de Klerk
Me J Hewitt
Mnr H Jonck
Me S Rautenbach
Mnr J van Wyk
Mnr S van Niekerk

ONDERWYSERS: Me. A Viljoen, A Alexander, L Holtzhausen
LEERDERS: CJ Marx, J Lubbe, R van Niekerk
NIE-PERSONEEL: Mnr L Karemaker

KOMITEES:
FINANSIES: Mnr J van Wyk, Me J Hewitt
WETLIKE ASPEKTE EN DISSIPLINE/BELEIDE: Me S Rautenbach, Me A Viljoen
KOSHUISE: Mnr GD Botha
OOV: Me A de Klerk
KULTUUR: Me L de Wet, L Holtzhausen
VRL: Me A Alexander
AKADEMIE: Me A Alexander
SPORT: Mnr, GD Botha, Mnr L Karemaker
BEMARKING: Mnr S van Niekerk, Mnr D Kruis
I**NFRASTRUKTUUR:** Mnr H Jonck, Mnr D Potgieter
BATEBESTUUR: Mnr S van Niekerk
PROJEKTE SBL: en SBL
KLERE: Mnr D Potgieter en Mnr GD Botha
BOND: Mnr P van Niekerk
TEGNOLOGIE: Mnr J Liebenberg

Baie geluk aan die bestuur en baie dankie vir elkeen wat hom/haarself verkiesbaar gestel het. Aan die bestuur by voorbaat dank vir die onbaatsugtige diens die volgende drie jaar.

AKADEMIE

Baie geluk aan almal wat hard gewerk en mooi presteer het gedurende die kwartaal en toetsreeks. As kinders 'n mooi gesindheid uitleef en hul bes doen, moet hul beloon word. Punte wys egter nie vir ons die kinders se harte nie. Dit dui eerder hul aandagspan, belangstellings, begrip, deursettingsvermoë, kwaliteit van onderrig en nog 'n horde ander veranderlikes aan.

Ek het met klasbesoeke gedurende die kwartaal opnuut besef in watter uitstekende hande u kind gedurende skoolure is en daarvoor bedank ek die personeel opreg.

SKOOLVEILIGHEID

Slegs leerders wat in besit van 'n geldige motor-of motorfietslisensie sal op die skooltrerrein toegelaat word gedurende skoolure of na-ure.

Die leerders se veiligheid is van kardinale belang.

VOORKOMS EN GEDRAG

Die beeld na buite van ons kinders is oor die algemeen goed. Baie komplimente word ontvang en daarvoor is ek saam met u dankbaar.

Daar is egter leerders wat voortdurend die voorkoms en gedragreëls toets en ek vra u samewerking om te verseker dat die kultuur van ordelikheid en ordentlikheid gehandhaaf word. Kinders toets grense – dis hulle werk. Verantwoordelike volwassenes herbevestig waardes sodat kinders veilig kan voel.

Sorg asseblief dat hulle volgende kwartaal onberispelik skool toe kom. Baie, baie dankie aan die oorgrote meerderheid van ouers wat elke dag hul kinders baie mooi netjies skool toe stuur.

Volle wintersdrag word met ingang tweede kwartaal gedra. Die skoolbaadjie is verpligtend.

SKOOLFONDS

Baie dankie aan 'n baie groot aantal ouers wat op datum is met hul skoolfondsverpligtinge. Ons wil asseblief 'n beroep op u doen om nie agter te raak met hierdie verpligting soos ooreengekom nie.

Indien u onseker is oor die korrekte verwysing met internetbetalings, kontak asseblief die finansiële kantoor.

Sonder die inkomste van skoolfonds kan ons nie kwaliteit onderrig aan u kinders gee nie.

DEELNAME EN TOERE

Die ou spreekwoord: "'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees", het 'n spieëlkant wat ook waar is. As jou gees gesond is, dan het hy 'n groot invloed op jou liggaam.

Elke Diamantvelder behoort aan ten minste een sportsoort en een kultuur-aktiwiteit deel te neem. In díé verband het ons u as ouers se samewerking broodnodig. Gesels asseblief met u kinders hieroor.

Die pandemie se regulasie het verslap en buitemuurse bedrywighede kan onder sekere protokol hervat word.

Baie sterkte aan al die spelers en personeel wat betrokke is met toere gedurende die vakansie.

SLOTWOORD

Ons harte gaan uit na alle gesinne wat gedurende die afgelope kwartaal 'n geliefde aan die dood afgestaan het.

4 Dinge wat nooit weer ongedaan kan word nie:

Die klip nadat dit gegooi is

Die woord nadat dit gesê is

Die geleentheid nadat dit misgeloop is

Die tyd nadat dit verby is.....

VERSLAE

Sien oudergewoonte aangeheg die akademiese, sport- en kultuurverslag. Baie geluk aan al die presteerders, maar meer nog, aan al die deelnemers.

L.C. VICTOR
SKOOLHOOF
2021-04-19